SONNEBLOMME TEEN BESOEDELING

Japansending - Neil en Dawid Verwey

Japannese navorsers glo om sonneblomme te plant, sal die radioaktiewe sesium uit die besmette aarde rondom die Fukushima No.1 kernaanleg verwyder en beplan ’n projek om soveel as moontlik van die geel blomme hierdie jaar te plant.

Hulle nooi mense om sonneblomme naby die Fukushima prefektuur kragsentrale te saai met die hoop dat die sonneblom ’n simbool van herstel in dié areas sal wees wat deur die kernkrisis geaffekteer is.

Na die sonneblomoes, word dit deur bakterieë ontbind.

Na die Chernobyl kernramp van 1986 word sonneblom- en raapsaad gebruik om die besoedelde grond in die Oekraïne te suiwer. Verskeie soorte radioaktiewe sesium is soortgelyk aan kalium, ’n algemene gebruikte kunsmis. As kalium nie teenwoordig is nie absorbeer die sonneblomme sesium in die plek daarvan.

As die sonneblomme vernietig word deur verbranding, word radioaktiewe sesium deur die rook versprei en dit is waarom navorsers oorweeg om eerder hipertermofiliese lugbakterieë, wat gebruik word om kompos te vervaardig, te gebruik om die plante te laat ontbind en sodoende die radioaktiewe afval wat hanteer moet word, te verminder.

Owerhede het sowat 300 kilogram sonneblomsaad bymekaar gemaak en het ook vir Thailand, ’n groot produsent van sonneblomsaad, gevra vir hul samewerking in die projek.

Hulle versoek ook hoërskole in en naby die 30km sone rondom die Fukushima kernaanleg, om sonneblomme in hulle skoolgrond te plant.

Bron: Yomiuri Nuus 2011-04-23

Geestelike reiniging van besoedeling is van groot belang vir ons ewige welsyn!

Bely met ware berou jou sondes soos koning Dawid van ouds en glo dat God jou heeltemal kan suiwer deur die kosbare Bloed van Jesus!

Was my heeltemal van my ongeregtigheid
en reinig my van my sonde (Ps 51:4, OV).

As jy dit doen, sal God jou sondige hart skoon skrop en jy sal sneeuwit wees!

Was my, dat ek witter kan wees as sneeu
(Ps 51:9, OV).

Neil en Dawid Verwey
(Vertaal deur SOD)

JAPANSENDING
7-40 Monzen Cho, Ikoma, Nara, Japan 630-0266
Tel: (81)743-73-1754 Faks: (81)743-73-1681
E-pos: jm@japanmission.org
Webwerf: http://www.japanmission.org/